

# Ons Eienaar versorg ons na liggaam en siel

Die apostel Paulus skryf aan die gemeente in die stad Korinte om baie verkeerdhede wat in die gemeente geheers het, reg te stel. In hierdie gedeelte blyk dit dat daar mense was wat die liggaam as minderwaardig beskou het. Hulle het selfs sover gegaan om te sê dat die liggaam eintlik net 'n gebruiksartikel is. Daarom kan jy met jou liggaam maak wat jy wil. Jy kan selfs owerspel pleeg, want die liggaam is bowendien nie veel werd nie.

Die Bybel ken hierdie manier van dink natuurlik glad nie. Die mens is as 'n eenheid geskape en daarom is ons liggame ontsaglik belangrik. Paulus herinner die gemeente dat ons liggame tempels van die Heilige Gees is. Dis God se woonplek op aarde. Ons moet die Almagtige met liggaam en gees verheerlik. Trouens, as 'n mens Romeine 12:1 lees, dan beseef 'n mens dat ons liggame gekry het om aan God 'n aanneemlike offer te kan bring.

Dit kan net gebeur omdat ons duur gekoop is met die bloed van Christus. Ons behoort met liggaam en gees aan God, sê vers 20. Kan jy die troos van Sondag 1 hierin hoor? Ons behoort met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, aan ons getroue Verlosser! Daarom het die Here ons geleer om te bid vir al ons geestelike en liggaamlike behoeftes, want ons behoort aan Hom met siel en liggaam. Nou moet ons Hom ook verheerlik met siel en liggaam.

Ons bid vir alle geestelike en liggaamlike behoeftes sodat die Almagtige in ons verheerlik kan word. Ons bid dit, want ons Here het ons so geleer. Watter behoeftes het jy nie alles nie? Geestelik en liggaamlik? Gaan lê dit met die grootste vrymoedigheid voor die troon terwyl jy sy eer en sy heerlikheid in alles voor oë hou.

*Sing: Psalm 145-1:9-11*

*Ds. RA (Ronald) Bain (Potchefstroom)*